

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

Uitnemendheid begin by omgee

NUUSBRIEF 30

6 September 2019

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

BASAAR
Dit was heerlik om te sien hoe soveel meer ouers hierdie jaar betrokke geraak het om van die basaar ‘n reuse sukses te maak. Mens kon die warm atmosfeer in die saal voel. Baie dankie almal!

INSKRYWINGS 2020
Skoolinskrywings vir 2020 het reeds ver gevorder. Indien u weet van persone met toekomstige Newtonpark-kinders, moet u hulle asseblief aanmoedig om so spoedig as moontlik in te skryf, want van die grade is reeds vol en daar is al ‘n waglys. Dit sluit alle leerlinge in vanaf graad R tot en met graad 7.

DAMESTEE : 12 OKTOBER 2019
Graag wil ons u aandag solank op ons jaarlikse damestee wat op Saterdag, 12 Oktober om 10:00 in ons skoolsaal gaan plaasvind, vestig. Ons is baie opgewonde om die bekende akteur, Ramey Short van Binnelanders-faam, as die gasspreker by ons te verwelkom. Kaartjies sal binnekort by Mev. Laas in die kantoor teen R120 per persoon beskikbaar wees en verdere inligting sal volg.

PERSONEEL
Ons adverteer poste vir volgende jaar want Mnr. Goddard het by die senior nasorg klaar gemaak, Mnr. Wepener tree aan die einde van die jaar af en Mev. Watkins word volgende jaar die eienaar van @Kids-speelskool in Framesby.

TENNIS : SKOLETOERNOOI
Voorspoed aan die 13 tennisspelers wat hierdie naweek aan die Laerskool-skole-tennistoernooi by Collegiate en Clarendon vanaf 08h30 – 12h30 gaan deelneem. Ons hou vir julle duimvas!

OUD-LEERLING-UITBLINKERS
Dit is met groot trots dat ons die onderstaande oud-leerlinge met hul prestasies in hul onderskeie hoërskole gelukwens:
Staatmakers by Hoërskool DF Malherbe 2020:
- Chantené van Biljon
- Dylan Fourie
- Leonard du Plessis

Leerlingraad by Bet-el Christelike skool:
- Marike de Jongh

Monitorbestuur by Framesby:
- Ulrich van Zyl
- I.P. van der Merwe (onderhoofseun)
- Amy Jansen van Rensburg
- Johan van Biljon
- Kristen van Rooyen

VAKANSIE-NASORG
Indien u kind nie in ons nasorg is nie en u wil graag daarvan gebruik maak stuur asb. 'n e-pos na admin@lnpark.co.za om vorm aan te vra.

Die voorgestelde tydperk is:
1. 23 September tot 27 September (4 dae). (Skole sluit Vrydag, 20 September 2019 en Dinsdag, 24 September is Erfenisdag.)
2. U moet asseblief ook onderneem om die nasorgtye nl. 07:30-17:30, stiptelik te eerbiedig.

Die tarief beloop R 200 per kind (R 350 vir 2 kinders) en is vooruitbetaalbaar.
Slegs leerlinge wie se vakansienasorggeld teen 20 September 2019 inbetaal is, sal toegelaat word. Geen laat inskrywings sal aanvaar word nie, want ons reël toesig volgens die inskrywings tot 20 September.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto's te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SKOOLGELDE 2019
Baie dankie aan al die ouers wat gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog 'n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat betref u kind se skoolgelde, so spoedig moontlik na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en/of u kind se naam en van verskaf.
'n Bewys van betaling moet per e-pos na fin@lnpark.co.za gestuur word.

Groot werke kom nie deur krag tot stand nie, maar deur deursettingsvermoë.
Samuel Johnson

Kinders wat in 'n huis groot word waar hulle waarde erken en waardeer word, sal makliker die waarde van ander mense raaksien, waardeer en uitlig.
Braam Hanekom

JJ. Pienaar
SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 084693531

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 9 September	:	Klerewinkel: **07:30 – 12:00** Kuns graad R – 2: **13:30 – 14:30** Kuns graad 3: **14:00 – 15:00** Kuns graad 4 – 7: **14:15 – 15:00** **Graad 7-Toer**
Di – 10 September	:	Kuns graad R – 2: **13:30 – 14:30 (laaste)** Kuns graad 3: **14:00 – 15:00 (laaste)** Kuns graad 4 – 7: **14:15 – 15:00 (laaste)** Skaak: graad 1 – 2: **13:30 – 14:15** Skaak: graad 3 – 7: **14:20 – 15:15** **Graad 7-Toer**
Wo – 11 September	:	Klerewinkel: **12:00 – 14:30** **Graad 7-Toer**
Do – 12 September	:	Dance Kids-ballet graad R: **13:15** **Graad 7-Toer**
Vr – 13 September	:	Eko-Newtons **(laaste)** Klerewinkel: **07:30 – 12:00** **Graad 7-Toer**

SPORT & KULTUUR

RUGBY : BLANCO-TOER

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
31 Augustus	0/13	Dirkie Uys	LNP speel gelykop 5 – 5
31 Augustus	0/13	McLachlan	LNP wen 15 – 5
31 Augustus	0/13	Laurus	LNP verloor 5 – 25

NETBAL : BLANCO-TOER

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
31 Augustus	0/13	Worcester	LNP wen 12 – 10
31 Augustus	0/13	Albertyn	LNP verloor 10 – 14
31 Augustus	0/13	Blanco	LNP wen 16 – 7
31 Augustus	0/13	Stellenbosch	LNP wen 11 – 10

RUGBY : MOUNT PLEASANT MINI-SPORTDAG

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
31 Augustus	0/7 Springbokkies	Sunridgepark	LNP verloor 0 – 8
31 Augustus	0/7 Springbokkies	Kabegapark	LNP verloor 1 – 7
31 Augustus	0/7 Blesbokkies	Mount Pleasant	LNP wen 5 – 1
31 Augustus	0/7 Blesbokkies	Lorraine	LNP verloor 0 – 5
31 Augustus	0/7 Blesbokkies	Curro	LNP wen 4 – 2
31 Augustus	0/8 Blitsbokkies	Kabegapark	LNP verloor 2 – 4
31 Augustus	0/8 Blitsbokkies	Sunridgepark	LNP verloor 0 – 4
31 Augustus	0/8 Blitsbokkies	College Hill	LNP verloor 0 – 5
31 Augustus	0/8 Rooibokkies	Sunridgepark C	LNP wen 8 – 0
31 Augustus	0/8 Rooibokkies	Mount Pleasant B	LNP verloor 1 – 5
31 Augustus	0/8 Rooibokkies	Lorraine B	LNP verloor 1 – 5

NETBAL : MOUNT PLEASANT MINI-SPORTDAG

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
31 Augustus	0/7A		LNP verloor al drie wedstryde gespeel teen Sunridge, Môrewag en Gamtoosvallei
31 Augustus	0/7B		LNP speel gelykop teen Mount Pleasant en Summerwood en verloor teen Sunridgepark
31 Augustus	0/8A	College Hill	LNP wen 10 – 2
31 Augustus	0/8A	Kabegapark	LNP wen 6 – 2
31 Augustus	0/8A	Verkenner	LNP wen 13 – 3
31 Augustus	0/8B	Kabegapark	LNP wen 8 – 0
31 Augustus	0/8B	Verkenner	LNP wen 2 – 0
31 Augustus	0/8B	Mount Pleasant	LNP wen 2 – 1

TENNIS

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
3 September	Senior B	St. Joseph's	LNP wen met 20 potte
3 September	Junior A	Mount Pleasant	LNP wen met 12 potte
3 September	Junior B	Charlo	LNP wen met 6 potte

FRIENDLY CITY DANCE FESTIVAL : 17 AUGUSTUS 2019

Lisa Scheepers in graad 1W het op Donderdag, 15 Augustus, aan die Friendly City Dance Festival by Walmer School of Dance aan 'n solo ballet-item deelgeneem en 'n goue medalje vir haar optrede verwerf. Baie geluk!

KARATE

Baie geluk aan Matthys Potgieter in graad 5S wat Saterdag, 31 Augustus, aan die Shorin-Ryu Shorikan Liga deelgeneem het. Hy het ‘n 1ste plek vir Kata en 2de plek vir Kumite behaal.

LAERSKOOL NEWTONPARK

BEHEERLIGGAAMPOSTE 2020

Pos 1
Nasorgpersoon (Gr. 4 – 7)
Iemand met ervaring of Unisa Onderwysstudent

Pos 2
Grondslagfase
Opvoeder: graad 1 tot 3

Pos 3
Intermediêre/senior fase
Opvoeder: Wiskunde en Afrikaans Huistaal en Rekenaaronderrig

Taal van onderrig: Afrikaans
Meld buitemuurse ervaring.
(Benodig atletiek-, netbal-, krieket-, tennis en rugby-afrigters)

Sluitingsdatum: 4 Oktober 2019
Stuur aansoek aan:
Die Skoolhoof, Laerskool Newtonpark,
Posbus 7113, Newtonpark, Port Elizabeth
OF
Faks na: 041 – 3652586
OF
e-pos na: skoolhoof@lnpark.co.za
Navrae: 041 – 3651233

- Slegs persone wat na die onderhoud genooi word sal gekontak word.
- **Die persone wat genooi word vir die onderhoud, moet 'n polisie klaringsbewys indien by die onderhoud.**
- **Die beheerliggaam behou homself die reg voor om nie die pos te vul as 'n geskikte persoon nie gevind word nie.**